# DIE SKIETLOOD

228e Uitgawe 18 Julie 2024

saam met Koersvas 228


Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie.

## Fundamentalisme

In 1977 skryf James Barr, toe professor in Hebreeus aan die Oxford Universiteit 'n boek met die titel "*Fundamentalism*". Hierdie boek het baie debat ontlok. Die "*Scottish Journal of Theology*" het opgemerk een van die mees belangrike take in Bybelwetenskap is om die vooronderstelling van die metode wat gebruik word aan die lig te bring en te evalueer. Dit is egter 'n ergere verskraling van wat Barr doen en nie die enigste slagyster waarin fundamentalisme jou laat trap nie.

Barr is gou beskuldig dat hy met 'n uitgediende konsep van fundamentalisme werk en belowende nuwe ontwikkelings negeer. Op sy beurt het hy weer aangetoon dat fundamentalisme konstant agteruit boer.

Barr sê self dat die boek interessante gesprek uitgelok het. Aan die een kant het sy bewussyn van die spanning wat op die een of ander manier aan fundamentalisme verbind word gegroei ongeag dit nou gaan oor die wat self onder die invloed daarvan sukkel of die wat deur mense na aan hulle geraak word. Hyself het baie gebaat deur betrokkenheid by sommiges met fundamentalistiese agtergrond aangesien dit hom ingestel het op aspekte waarmee hy aanvanklik nie rekening gehou het nie. Tog het hierdie invloed nie sy mening verander nie. Indien hy wel van iets oortuig geraak het was dit dat die fundamentalisme steeds skerper afgewys moet word. Tereg meen hy so.

Volgens Barr weeg die psigologiese invloed van die fundamentalisme die swaarste. Hy wyk af van die tradisionele argument dat fundamentalisme die resultaat van 'n inherente onverdraagsame gesag tot gevolg het. Dit is die algemene opvatting.

Barr het met die fundamentalis simpatie maar is dan baie krities teenoor die sisteem wat hom gevange hou. Hy meen baie van die wat deur fundamentalisme beïnvloed word voel vasgekeer onder die druk van fundamentalisme, sy ingeboude agterdog en noodsaak vir eksterne gesag. Hy vermy 'n psigologiese argument omdat hy huiwerig is om te aanvaar dat enige leerstellige argument maar net verduidelik kan word as die gevolg van sielkundige toestande en die waarneming dat diegene wat 'n evangeliese bekering beleef dikwels openhartige mense is. Die toenemende betrokkenheid van die bekeerde in die fundamentalistiese lering en die lewe van 'n fundamentalistiese genootskap bring dan die kenmerkende psigologiese karaktertrekke op die voorgrond. Derhalwe glo hy dat die betrokkenes nie inherent so lyk nie maar dat die fundamentalistiese leer en lewe hulle so gemaak het. Hy bly egter huiwerig om stellig hieroor te praat aangesien hy meen dat dit te veel op subjektiewe waarneming berus en dat meer indringende ondersoek kan aantoon dat die leerstellige en psigologiese weergawe van fundamentalisme inderdaad nie in kontras staan nie.

Barr wys ook uit dat fundamentaliste nie

van nuwe Bybelvertalings hou nie. Hoewel in sekere kringe tog van meer vertalings kennis geneem word kleef die fundamentaliste vas aan die *King James Version*. Hierdie verkleefdheid kom selfs by ons te lande voor waar selfs Afrikaners graag deesdae met die KJV in die hand leef en baie graag Engels daaruit aanhaal asof daar geen Afrikaanse vertaling van die Bybel bestaan nie of nog erger asof die KJV nie 'n vertaling nie maar wel die oorspronklike is. Hierdie onverdraag-saamheid lewe oral waar die bekeerde op die ou end met God identifiseer (panenteïsme waar die mens self god word).

Barr kom tereg tot die gevolgtrekking dat fundamentalisme nie soseer begaan is oor die Bybel en wat daarin staan nie maar eerder met die dominering van die band van religie en die manier van lewe. Hy merk op dat vir die fundamentalis 'n evangelis soos Billy Graham (en baie ander) as 'n god aanbid word en diegene wat kom om na hom te kyk en wat hy doen te beleef sondaars ryp vir bekering is, terwyl die meeste van hulle reeds evangeliese Christene is wat gekom het om in hom die bevestiging van hulle beeld van hulle eie tradisie te sien. Sonder uitsondering hang hierdie mense millennialisme en sionisme aan!

Fundamentaliste sê graag dat God direk met hulle gepraat het. God sou dan vir die persoon gesê het of gelei het om die een en ander te doen. Leiding in hierdie sin is vir die persoon wat dit beleef belangrik. Fundamentaliste sien oor die algemeen nie in dat hierdie direkte kommunikasie in werklikheid die sentraliteit van die Skrif aantas en verplaas nie. Vir Fundamentaliste word so bevestig dat God vandag inligting en leiding gee – selfs tot datums en feite aan individue - dit is voor die hand liggend omdat Hy so gemaak het in Bybelse tye. Die Skrif bevestig en staaf dan die werklikheid van die ervaring van direkte kommunikasie.

Wat misgekyk word is dat hierdie opvatting van fundamentaliste 'n twee kanaal kommunikasie met God skep en derhalwe aan Skrifgesag aftrek. Die kommunikasie of ervaring wat reguit van God af kom is 'n aparte kanaal en dit word eerder as die Skrif self die ware en lewende hoofkanaal. Hierdie is dieselfde as die ou Roomse konsep van twee bronne – Skrif en tradisie. Fundamentaliste verreken nie hoe ver dit van die protestantse skrifbeskouing afwyk nie. Die charismatiese en pentakostalistiese bewegings is die verlengstuk van hierdie aspek van fundamentalisme. Waar die klem op die direkte ervaring van God val lei dit tot 'n verminderde klem op die detail van die Skrif en sy onfeilbaarheid. Eienaardig genoeg is dit eerder 'n ongewone liberale posisie as 'n konserwatiewe. Waar dit so gaan word 'n ander en selfs nuwe stel vrae aan die teologie gevra.

- Ds(em) Piet Viljoen (Bloemhof/Makwassie)
(pitanix@gmail.com)